Navorsingsbevinding MN-102 1983

# Struktuurveranderinge in middelvlakmannekrag (1983)

S.S. Terblanche
J.J. Jacobs

001.3072068 HSRC
MN 102

RGN·HSRC

BIBLIOTEEK
LIBRARY

RGN

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

RGN·HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

RGN·HSRC

VERVALDATUM/DATE DUE

1984 -08- 31

02 MAY 1988

0000519538
2844363866
001.3072068 HSRC MN 102
*051953*

Struktuurveranderinge in
middelvlakmannekrag (1983)

Navorsingsbevinding MN-102

# Struktuurveranderinge in middelvlakmannekrag (1983)

S.S. Terblanche
J.J. Jacobs

Pretoria
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
1983

RGN BIBLIOTEEK LIBRARY HSRC
-03-01
STANDKODE
001.3072068
HSRC MN 102
REGISTERNOMMER
BESTELNOMMER
R10

S.S. Terblanche, B.Sc. M.A., Direkteur
J.J. Jacobs, M.Sc., Senior Navorser

Instituut vir Mannekragnavorsing
Direkteur: S.S. Terblanche

ISBN 0 7969 0067 1

Prys: R6,65
(AVB ingesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1983
Alle regte voorbehou

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Agtergrond en doelstelling | 1 |
| 1.2 | Algemene metodologie | 1 |
| 1.3 | Bronne van inligting | 4 |
| 2 | DIE STRUKTUURVERANDERINGE IN MIDDELVLAKMANNEKRAG | 4 |
| 2.1 | Inleiding | 4 |
| 2.2 | Die relatiewe grootte van MVM | 5 |
| 2.3 | MVM volgens ekonomiese sektor | 7 |
| 2.4 | Bevolkingsgroep- en geslagstruktuur | 7 |
| 3 | VAKATURES VIR MVM | 22 |
| 4 | DIE ONDERWYSPEIL VAN MVM | 29 |
| 4.1 | Kwalifikasiepeil van klerklike werkers, verkoopswerkers, voormanne en toesighouers | 29 |
| 4.2 | Ambagsmanne en vakleerlinge | 29 |
| 5 | BEROEPSMOBILITEIT VAN MVM | 43 |
| 5.1 | Inleiding | 43 |
| 5.2 | Invloei en uitvloei van MVM | 43 |
| 6 | IMPLIKASIES VAN DIE ONTLEDINGS VIR DIE VRAAG- EN AANBODSITUASIE | 52 |
| 6.1 | Inleiding | 52 |
| 6.2 | Groei in die getal persone in st. 8 en in st. 10 | 53 |
| 6.3 | Gevolgtrekking | 55 |

STRUKTUURVERANDERINGE IN DIE MIDDELVLAKMANNEKRAG VAN SUID-AFRIKA

# 1 INLEIDING

## 1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Die RSA se arbeidsprobleme is ingewikkeld en geweldig kompleks. Die Regering het daarom die Nasionale Mannekragkommissie (NMK) gekonstitueer wat die taak het om die Minister van Mannekrag deurlopend te adviseer oor alle aangeleenthede wat op mannekrag betrekking het. Die verpligting is ook op die NMK gelê om die totale mannekragsituasie voortdurend te ondersoek en te ontleed. As 'n deel van die opdrag het die NMK reeds 'n verslag oor Hoëvlakmannekrag[1)] (HVM) gepubliseer. Tot hierdie verslag kon die RGN uit sy navorsing 'n besondere bydrae maak (Verhoef 1980).[1)]

Die volgende groot segment van die arbeidsmag waaraan die NMK aandag wil skenk, kan as middelvlakmannekrag (MVM) beskryf word.


Soos die begrippe bloukraagwerkers en witkraagwerkers, is MVM 'n generiese term sonder enige duidelike omskrywing. Vir doeleindes van die ondersoek word MVM as daardie deel van die arbeidsmag beskou wat uit klerklike en verkoopswerkers sowel as ambagsmanne, vakleerlinge en voormanne en toesighouers bestaan. Die ondersoek van die NMK handel oor verskeie aspekte van MVM, te wete die aanwending van hul dienste, hul onderwys en opleiding, sowel as die vraag na en aanbod van MVM.

Die NMK het die RGN versoek om aan die ondersoek deel te neem en veral aandag te gee aan die kwessie van vraag en aanbod en dit was dan ook die breë doelstelling van hierdie ondersoek.

## 1.2 ALGEMENE METODOLOGIE

Daar moet uit die staanspoor gesê word dat 'n werklik verantwoorde syferkundige vraag- en aanbodstudie nie prakties moontlik is nie. Die algemene metode vir vraag- en aanbodstudies kan diagrammaties as volg opgesom word alhoewel vele variasies voorkom.

[1)] Verhoef, W. Hoëvlakmannekrag in die RSA. RGN 1980.




Oorskot of tekort = X-(a-b+c)

Hierdie metode, of variasies daarvan, kan gewoonlik net sinvol gebruik word vir 'n makrostudie (totale arbeidsmag) of vir daardie beroepe waar daar 'n baie vaste verband tussen opleiding en beroep bestaan byvoorbeeld medici, ingenieurs, ensovoorts. Persone wat in dié rigtings opgelei word, beoefen gewoonlik ook die verbandhoudende beroep. Die uitgangspunt is dan natuurlik dat die raming van die vraag na arbeid, wat geen eenvoudige funksie van ekonomiese groei is nie, realisties sal wees. Die oorgrote meerderheid van beroepe het geen duidelike verband met enige formele skool- of universiteitsopleiding nie. Met uitsondering van ambagsmanne en vakleerlinge geld dié situasie veral vir klerklike en verkoopswerkers en vir voormanne en toesighouers. Dit is gewoonlik nie 'n probleem om 'n raming van die vraag volgens beroepsgroep te maak as 'n globale vraag na arbeid bekend is nie en in die verlede het die RGN in sy vraag- en aanbodstudies die vraag soos geraam in die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram (EOP) as gegewene aanvaar. Die opstellers van die EOP is nie baie tevrede met die vraagramings nie en die NMK het besluit om omvattende ondersoek na mannekragbehoeftes te onderneem waarin besondere aandag aan die raming van die vraag na arbeid gegee sal word.

Die vernaamste probleem lê by die raming van die aanbod[1]. Die aanbod van klerklike en verkoopswerkers bestaan uit persone met 'n verskeidenheid van kwalifikasie-vlakke. Die hele kwalifikasiespektrum van st. 6 tot gegradueer kom in dié beroepsgroepe voor. 'n Groot persentasie van die werkers in hierdie beroepe is vroue, en die deelname van vroue in die arbeidsmag word op sy beurt deur 'n veelheid van faktore beïnvloed wat byna onmoontlik is om te kwantifiseer in die vorm van vooruitskattings.

[1] Vir 'n akkurate raming van die aanbod is die behoefte aan inligting enorm en al sou die inligting beskikbaar wees (wat dit nie naastenby is nie), bly dit 'n ope vraag of sodanige pogings (gesien al die onsekerhede en aannames wat buitendien gemaak moet word) na verhouding met die rendement wat verkry word, die moeite en tyd werd is.

In hierdie ondersoek sal daar dus geen poging aangewend word om die aanbod te kwantifiseer nie. Gevolgtrekkings in verband met vraag en aanbod sal dus hoofsaaklik op afleidings, gegrond op waarneembare tendense, gemaak word.

## 1.3 BRONNE VAN INLIGTING

In hierdie studie word slegs van bestaande bronne gebruik gemaak.

(a) Mannekragopnames 6 tot 14 van die Departement van Mannekrag.

(b) 'n Vyf-persentsteekproef van die bevolkingsensus van 1980 (Sentrale Statistiekdiens).

(c) Ander inligting van die Departement van Mannekrag en die Sentrale Statistiekdiens.

# 2 DIE STRUKTUURVERANDERINGE IN MIDDELVLAKMANNEKRAG

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die struktuurveranderinge wat in hierdie komponent van die arbeidsmag plaasgevind het, behandel om dié komponent relatief tot ander komponente in perspektief te plaas. Aandag word aan die bevolkingsgroep- en geslagsverdeling geskenk. Om die tendense wat voorkom beter te illustreer word 'n projeksie vir 1987 ook gemaak.

Die jaar 1987 word gebruik omdat die jongste vraag na raming vir dié jaar beskikbaar is. Hierdie vraag is geraam op grond van 'n doelwitstelling van 4,5 % jaarlikse groei in die (Bruto Binnelandse Produk) BBP vir die periode 1978-1987.

Die projeksies is almal gemaak op grond van inligting verkry uit die Mannekragopnames van die Departement van Mannekrag (6 tot 14). Die arbeidsmag word in 28 ekonomiese sektore verdeel en elke sektor in 22 beroepsgroepe. Daar word aanvaar dat die beroepstruktuur nie wesentlik geraak word deur die uitsluiting van SWA, Transkei en Bophuthatswana in 1979 en Venda in 1981 nie. Weens die grootte van hierdie lande se

interne arbeidsmag in vergelyking met dié van die RSA, is so 'n aanname heel realisties. Die persentasies vir elk van die 22 beroepsgroepe vorm 'n tydreeks van 9 punte vir die jare 1965, 1967 ... 1981. Aangesien die fluktuasies in die persentasies in 'n beroepsgroep van jaar tot jaar aan steekproefvariasie en klassifikasieprobleme toegeskryf moet word, word 'n vorm van bewegende gemiddelde gebruik om groot skommelinge uit te skakel, maar tog die tendens te behou. Persentasies word in die tussenjare 1966, 1968 ... 1980 bereken deur die gemiddelde van die persentasie van die voorgaande en daaropvolgende jare te bereken. Hierdie berekende persentasie word nou weer gebruik om 'n aangepaste persentasie vir 1965, 1967 ... 1981 op dieselfde manier te bereken. Dit lewer 'n tydreeks van 17 punte vir elke beroepsgroep in elke sektor. 'n Gewysigde eksponensiaalkromme van die vorm $y = ab^x+c$ word nou by hierdie tydreeks aangepas en geëkstrapoleer na 1987. Deur hierdie persentasies op die geraamde vraag toe te pas, word die vraag na arbeid in 28 sektore vir 22 beroepe verkry.

## 2.2 DIE RELATIEWE GROOTTE VAN MVM

Die 22 beroepe kan op 'n verskeidenheid van maniere saamgevoeg word. In tabel 2.1 word die arbeidsmag in 4 groepe verdeel, naamlik hoëvlakmannekrag, middelvlakmannekrag (MVM), diens-, vervoer- en kommunikasiewerkers (wat 'n groot variasie in geskooldheidsvlakke toon, byvoorbeeld van 'n lugdiensvlieënier tot 'n bode) en laevlakmannekrag[1].

Dit toon die getal en persentasie van die arbeidsmag (huishoudelike en landbouwerkers uitgesluit) in elk van hierdie groepe in 1967 en 1977 en die verwagte vraag in 1987. Verder toon dit die gemiddelde jaarlikse toename in getalle en die gemiddelde jaarlikse saamgestelde groei vir die periodes 1967-1977 en 1977-1987.

---

[1] Hoëvlak: Professionele, semi-professionele, besturende en uitvoerende beroepe.
Middelvlak: Klerklike werkers, verkoopswerkers, ambagsmanne en vakleerlinge, voormanne en toesighouers.

Laevlak: Operateurs, produksiewerkers en arbeiders.

## TABEL 2.1

### VERDELING VAN DIE ARBEIDSMAG IN DIE RSA IN 1967 EN 1977, DIE VOORUITGESKATTE VERDELING VAN DIE VRAAG IN 1987 EN DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE GROEI VIR DIE PERIODES

| Beroepsgroep | | 1967 | Gemiddelde groei p.j. 1967-1977 | 1977 | Gemiddelde groei p.j. 1977-1987 | 1987 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hoëvlakmannekrag | N | 325674 | 28773 | 613401 | 28697 | 900372 |
| | % | 8,9 | 6,5 | 11,4 | 3,9 | 12,9 |
| Middelvlakmannekrag | N | 767031 | 44880 | 1215833 | 44437 | 1660201 |
| | % | 21,0 | 4,7 | 22,7 | 3,2 | 23,7 |
| Diens-, vervoer- en kommunikasiewerkers | N | 499741 | 29599 | 795733 | 23318 | 1028310 |
| | % | 13,6 | 4,8 | 14,9 | 2,6 | 14,7 |
| Laevlakmannekrag | N | 2065039 | 66442 | 2729457 | 68586 | 3415317 |
| | % | 56,5 | 2,8 | 51,0 | 2,3 | 48,7 |
| TOTAAL | N | 3657485 | 169694 | 5354424 | 165038 | 7004800 |
| | % | 100,0 | 3,9 | 100,0 | 2,7 | 100,0 |

Volgens tabel 2.1 word verwag dat daar 'n geringe styging (persentasiegewys) in MVM verwag kan word. In getalle is hierdie styging egter beslis noemenswaardig (767031 na 1215833). Die grootste persentasie daling word waargeneem by laevlakmannekrag.

Tabel 2.2 toon die verskillende beroepsgroepe in MVM se bydrae tot die totale arbeidsmag vir die jare 1965-1981.

## 2.3 MVM VOLGENS EKONOMIESE SEKTOR

Die struktuur binne MVM het baie stadig oor tyd verander. Klerklike en verkoopswerkers sowel as voormanne en toesighouers toon 'n geringe styging terwyl ambagsmanne en vakleerlinge 'n effense daling toon.

Die vaardighede wat in verskillende sektore van die ekonomie vereis word, verskil onderling. So sal die handelsektor wel meer verkoopswerkers in diens neem as ander sektore terwyl verwag kan word dat groot getalle ambagsmanne in die bou- en konstruksiesektor sal voorkom. Tabel 2.3 toon die samestelling van MVM volgens sektor. Vir die doeleindes van die tabel is die 28 sektore verminder na 8.

Dit is duidelik dat die behoefte aan MVM in die verskillende sektore aanmerklik verskil. Meer as 50 % van die arbeidsmag in die handelsektor bestaan uit MVM terwyl dit in die mynbou so laag as 8 % is. Met uitsondering van die mynbousektor daal die persentasies vir ambagsmanne en vakleerlinge in die ander sektore.

## 2.4 BEVOLKINGSGROEP- EN GESLAGSTRUKTUUR

In hierdie paragraaf word die veranderinge in die bevolkingsgroep- en geslagstruktuur ontleed. Die projeksies vir 1987 wat aangebied word, is deur dieselfde metode wat in 2.1 bespreek is vanuit die mannekragopnames verkry en op die sektorale beroepsgroepstotale toegepas. Die resultate van hierdie berekeninge word in tabelle 2.4 en 2.5 aangetoon.

TABEL 2.2

RELATIEWE GROOTTE VAN DIE MIDDELVLAKMANNEKRAG IN DIE JARE 1965 - 1981

| Beroepsgroep | Persentasie | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981(*) |
| Klerklike werkers | 10,3 | 9,7 | 10,0 | 10,6 | 10,5 | 11,2 | 11,2 | 11,7 | 11,5 |
| Verkoopswerkers | 4,4 | 4,2 | 3,9 | 4,6 | 4,8 | 4,1 | 4,6 | 4,7 | 4,5 |
| Ambagsmanne en vakleerlinge | 6,0 | 6,2 | 5,8 | 6,0 | 6,1 | 5,6 | 5,5 | 5,3 | 5,3 |
| Voormanne en toesighouers | ,9 | ,8 | 1,0 | 1,1 | 1,1 | 1,3 | 1,4 | 1,4 | 1,6 |
| MVM totaal | 21,6 | 21,0 | 20,7 | 22,3 | 22,5 | 22,5 | 22,7 | 23,1 | 22,9 |

*SWA, Transkei en Bophuthatswana is uitgesluit in 1979 en Venda in 1981.

TABEL 2.3

MVM UITGEDRUK AS PERSENTASIE VAN DIE TOTALE MANNEKRAG IN ELKE SEKTOR VIR DIE JARE 1965-1981 EN DIE GEPROJEKTEERDE PERSENTASIE EN GETAL IN 1987

| Ekonomiese sektor | Basisperiode 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | Doelwitjaar:1987 % | N |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 MYNBOU | | | | | | | | | | | |
| 1 Klerklike werkers | 2,81 | 2,36 | 2,23 | 2,68 | 2,66 | 3,02 | 4,18 | 3,27 | 5,26 | 4,17 | 32886 |
| 2 Verkoopswerkers | 0,01 | 0,01 | 0,02 | 0,07 | 0,03 | 0,04 | 0,05 | 0,07 | 0,02 | 0,07 | 535 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | 2,28 | 2,47 | 2,44 | 2,51 | 2,48 | 2,83 | 3,06 | 3,06 | 3,04 | 3,25 | 25623 |
| 4 Voormanne en toesighouers | 0,21 | 0,10 | 0,10 | 0,22 | 0,36 | 0,42 | 0,31 | 0,92 | 0,44 | 0,82 | 6484 |
| 2 FABRIEKSWESE | | | | | | | | | | | |
| 1 Klerklike werkers | 6,99 | 7,13 | 7,22 | 7,41 | 7,27 | 7,52 | 8,02 | 8,12 | 8,42 | 8,25 | 133905 |
| 2 Verkoopswerkers | 1,44 | 1,54 | 1,42 | 1,43 | 1,39 | 1,46 | 1,51 | 2,04 | 1,79 | 1,84 | 29786 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | 7,65 | 7,74 | 7,34 | 7,17 | 7,22 | 7,04 | 6,42 | 7,33 | 7,41 | 7,14 | 115888 |
| 4 Voormanne en toesighouers | 1,68 | 1,88 | 1,93 | 2,10 | 1,96 | 2,47 | 2,77 | 2,64 | 3,15 | 2,88 | 46772 |
| 3 ELEKTRISITEIT, GAS EN WATER | | | | | | | | | | | |
| 1 Klerklike werkers | 4,88 | 5,07 | 4,85 | 4,71 | 6,05 | 5,40 | 6,17 | 5,87 | 7,88 | 6,63 | 6269 |
| 2 Verkoopswerkers | 0,08 | 0,05 | 0,02 | 0,01 | 0,02 | 0,04 | 0,04 | 0,02 | 0,02 | 0,03 | 24 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | 10,73 | 11,21 | 9,27 | 10,60 | 9,50 | 8,26 | 10,52 | 8,87 | 9,32 | 9,41 | 8901 |
| 4 Voormanne en toesighouers | 1,90 | 1,96 | 1,60 | 2,27 | 3,31 | 2,49 | 3,51 | 2,35 | 2,89 | 2,84 | 2682 |
| 4 BOU EN KONSTRUKSIE | | | | | | | | | | | |
| 1 Klerklike werkers | 2,69 | 3,03 | 2,54 | 2,63 | 2,86 | 3,24 | 3,49 | 4,14 | 3,68 | 3,77 | 28164 |
| 2 Verkoopswerkers | 0,30 | 0,34 | 0,24 | 0,13 | 0,31 | 0,27 | 0,26 | 0,36 | 0,35 | 0,33 | 2441 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | 20,17 | 18,26 | 15,98 | 16,66 | 17,97 | 15,37 | 16,26 | 14,15 | 14,24 | 14,77 | 110307 |
| 4 Voormanne en toesighouers | 1,12 | 1,11 | 1,16 | 1,34 | 1,84 | 1,89 | 1,64 | 1,92 | 2,51 | 2,06 | 15348 |
| 5 HANDEL | | | | | | | | | | | |
| 1 Klerklike werkers | 19,26 | 17,78 | 18,83 | 19,27 | 19,15 | 21,70 | 19,40 | 21,05 | 19,54 | 20,14 | 240278 |
| 2 Verkoopswerkers | 23,81 | 24,56 | 22,75 | 25,71 | 28,04 | 25,18 | 25,69 | 25,12 | 25,04 | 25,24 | 301053 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | 5,95 | 5,89 | 5,21 | 6,05 | 5,99 | 5,37 | 4,31 | 3,94 | 4,23 | 4,20 | 50147 |
| 4 Voormanne en toesighouers | 0,39 | 0,39 | 0,43 | 0,47 | 0,41 | 0,64 | 0,61 | 0,60 | 0,51 | 0,57 | 6837 |
| 6 VERVOER, OPBERGING & KOMMUNIKASIE | | | | | | | | | | | |
| 1 Klerklike werkers | 12,03 | 12,18 | 12,60 | 12,15 | 11,70 | 12,35 | 11,61 | 12,18 | 11,93 | 11,96 | 67303 |
| 2 Verkoopswerkers | 0,10 | 0,12 | 0,15 | 0,20 | 0,22 | 0,28 | 0,31 | 0,88 | 0,62 | 0,62 | 3480 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | 6,89 | 6,88 | 7,13 | 6,75 | 7,12 | 5,31 | 5,76 | 5,11 | 5,12 | 5,29 | 29769 |
| 4 Voormanne en toesighouers | 0,83 | 0,99 | 1,30 | 1,21 | 1,13 | 1,15 | 1,48 | 1,41 | 1,32 | 1,38 | 7792 |
| 7 DIVERSE DIENSTE EN FINANSIERING | | | | | | | | | | | |
| 1 Klerklike werkers | 22,77 | 20,73 | 22,12 | 23,72 | 24,65 | 24,81 | 24,70 | 25,78 | 26,40 | 25,68 | 173870 |
| 2 Verkoopswerkers | 2,40 | 3,68 | 3,32 | 4,60 | 3,37 | 4,29 | 4,25 | 4,00 | 3,85 | 4,02 | 27243 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | 2,27 | 2,33 | 2,16 | 1,95 | 1,85 | 1,89 | 2,02 | 1,93 | 1,93 | 0,95 | 13213 |
| 4 Voormanne en toesighouers | 0,20 | 0,18 | 0,22 | 0,20 | 0,24 | 0,41 | 0,34 | 0,31 | 0,41 | 0,36 | 2416 |
| 8 OWERHEIDSDIENSTE | | | | | | | | | | | |
| 1 Klerklike werkers | 8,98 | 9,53 | 9,64 | 9,54 | 9,30 | 9,25 | 9,63 | 9,46 | 8,75 | 9,24 | 122051 |
| 2 Verkoopswerkers | 0,01 | 0,02 | 0,02 | 0,04 | 0,02 | 0,02 | 0,05 | 0,03 | 0,04 | 0,04 | 492 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | 2,98 | 3,29 | 2,76 | 3,35 | 3,10 | 2,78 | 2,97 | 2,63 | 2,54 | 2,69 | 35527 |
| 4 Voormanne en toesighouers | 0,74 | 0,72 | 0,81 | 0,80 | 0,72 | 0,72 | 0,84 | 1,07 | 0,98 | 0,96 | 12715 |
| TOTAAL | | | | | | | | | | | |
| 1 Klerklike werkers | 10,31 | 9,68 | 10,02 | 10,62 | 10,48 | 11,15 | 11,19 | 11,68 | 11,53 | 11,49 | 804726 |
| 2 Verkoopswerkers | 4,44 | 4,19 | 3,89 | 4,57 | 4,78 | 4,40 | 4,60 | 4,74 | 4,48 | 5,21 | 365054 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | 5,97 | 6,18 | 5,82 | 6,01 | 6,11 | 5,63 | 5,53 | 5,29 | 5,37 | 5,56 | 389375 |
| 4 Voormanne en toesighouers | 0,85 | 0,92 | 0,99 | 1,05 | 1,07 | 1,28 | 1,38 | 1,43 | 1,55 | 1,44 | 101046 |

TABEL 2.4

VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE MVM VOLGENS BEROEPSGROEP IN 1965-1981
EN DIE GEPROJEKTEERDE VERDELING VIR 1987

| Beroepsgroep | Volksgroep | Basisperiode 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | Doelwitjaar 1987 % | Doelwitjaar 1987 N |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Klerklike werkers | Blank | 83,1 | 82,2 | 80,7 | 78,8 | 75,5 | 72,3 | 67,8 | 68,8 | 65,5 | 62,5 | 502876 |
| | Kleurling | 4,1 | 4,5 | 5,2 | 5,1 | 6,5 | 7,0 | 8,2 | 8,5 | 8,8 | 9,7 | 78460 |
| | Asiër | 3,7 | 3,8 | 4,7 | 6,0 | 6,2 | 7,2 | 7,2 | 7,6 | 8,0 | 8,8 | 70466 |
| | Swart | 9,1 | 9,5 | 9,4 | 10,2 | 11,7 | 13,4 | 16,8 | 15,1 | 17,8 | 19,0 | 152924 |
| | Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 804726 |
| 2 Verkoopswerkers | Blank | 72,7 | 69,2 | 70,9 | 67,0 | 62,4 | 65,3 | 59,7 | 56,0 | 59,6 | 54,4 | 198720 |
| | Kleurling | 4,8 | 6,1 | 5,6 | 6,1 | 7,5 | 9,8 | 10,4 | 10,6 | 8,4 | 11,2 | 41027 |
| | Asiër | 7,3 | 7,3 | 6,7 | 9,9 | 9,2 | 8,4 | 8,2 | 8,9 | 7,1 | 8,2 | 29809 |
| | Swart | 15,2 | 17,4 | 16,7 | 17,0 | 20,9 | 16,5 | 21,7 | 24,5 | 25,0 | 26,2 | 95498 |
| | Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 365054 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | Blank | 88,5 | 86,7 | 85,5 | 82,1 | 78,5 | 77,0 | 72,7 | 74,1 | 73,1 | 69,3 | 269969 |
| | Kleurling | 10,0 | 10,7 | 12,4 | 12,6 | 14,9 | 16,3 | 16,9 | 17,1 | 17,0 | 18,8 | 73080 |
| | Asiër | 1,2 | 1,5 | 1,4 | 2,3 | 2,3 | 2,6 | 2,6 | 3,7 | 4,0 | 4,3 | 16595 |
| | Swart | 0,4 | 1,1 | 0,7 | 3,1 | 4,4 | 4,1 | 7,7 | 5,1 | 5,9 | 7,6 | 29731 |
| | Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 389375 |
| 4 Voormanne en toesighouers | Blank | 76,7 | 76,8 | 71,7 | 71,5 | 68,9 | 69,0 | 59,1 | 56,9 | 56,9 | 52,3 | 52842 |
| | Kleurling | 7,0 | 8,4 | 8,1 | 8,1 | 8,6 | 7,8 | 9,7 | 11,4 | 12,3 | 12,5 | 12592 |
| | Asiër | 2,8 | 2,4 | 3,3 | 4,2 | 4,2 | 4,8 | 3,3 | 3,5 | 4,3 | 4,0 | 4075 |
| | Swart | 13,5 | 12,4 | 17,0 | 16,2 | 18,3 | 18,3 | 28,0 | 28,3 | 26,5 | 31,2 | 31537 |
| | Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 101046 |
| TOTALE MVM | Blank | 82,2 | 80,7 | 79,8 | 76,9 | 73,2 | 71,9 | 66,8 | 66,7 | 65,5 | 61,7 | 1024407 |
| | Kleurling | 6,0 | 6,8 | 7,4 | 7,4 | 9,1 | 10,0 | 10,9 | 11,1 | 10,9 | 12,4 | 205159 |
| | Asiër | 3,7 | 3,7 | 4,1 | 5,7 | 5,7 | 6,2 | 6,1 | 6,7 | 6,6 | 7,3 | 120945 |
| | Swart | 8,1 | 8,7 | 8,7 | 9,9 | 12,0 | 12,0 | 16,2 | 15,6 | 17,0 | 18,7 | 309690 |
| | Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 1660201 |
| TOTALE MANNEKRAG | Blank | 32,5 | 31,5 | 30,4 | 30,7 | 30,0 | 29,7 | 28,8 | 30,0 | 29,0 | 28,0 | 1958408 |
| | Kleurling | 9,8 | 9,8 | 10,2 | 9,9 | 10,3 | 10,6 | 10,4 | 11,4 | 11,7 | 11,7 | 822222 |
| | Asiër | 3,2 | 3,1 | 3,2 | 3,6 | 3,6 | 3,6 | 3,5 | 3,9 | 3,8 | 3,9 | 270901 |
| | Swart | 54,4 | 55,6 | 56,1 | 55,7 | 56,2 | 56,1 | 57,3 | 54,7 | 55,6 | 56,4 | 3953269 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 7004800 |

TABEL 2.5(a)

GESLAGSVERDELING VOLGENS BEROEPSGROEP VAN DIE BLANKE MIDDELVLAK- EN TOTALE MANNEKRAG IN 1965-1981 EN DIE GEPROJEKTEERDE VERDELING VIR 1987

| Beroepsgroep | Geslag | Basisperiode | | | | | | | | | Doelwitjaar: 1987 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | % | N |
| 1 Klerklike werkers | M | 41,2 | 39,8 | 38,9 | 34,4 | 32,7 | 31,6 | 29,0 | 27,0 | 24,6 | 22,3 | 112236 |
| | V | 58,8 | 60,2 | 61,1 | 65,6 | 67,3 | 68,4 | 71,0 | 73,0 | 75,4 | 77,7 | 390639 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 502875 |
| 2 Verkoopswerkers | M | 50,9 | 52,2 | 49,4 | 54,4 | 50,2 | 48,9 | 50,5 | 51,1 | 48,0 | 48,8 | 96931 |
| | V | 49,1 | 47,8 | 50,6 | 45,6 | 49,8 | 51,1 | 49,5 | 48,9 | 52,0 | 51,2 | 101789 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 198720 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | M | 97,4 | 97,2 | 97,1 | 97,1 | 97,7 | 97,0 | 96,4 | 96,7 | 96,6 | 96,4 | 260348 |
| | V | 2,6 | 2,8 | 2,9 | 2,9 | 2,3 | 3,0 | 3,6 | 3,3 | 3,4 | 3,6 | 9621 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 269969 |
| 3 Voormanne en toesighouers | M | 93,0 | 94,0 | 92,7 | 95,1 | 95,2 | 94,9 | 95,1 | 94,9 | 95,4 | 95,6 | 50514 |
| | V | 7,0 | 6,0 | 7,3 | 4,9 | 4,8 | 5,1 | 4,9 | 5,1 | 4,6 | 4,4 | 2328 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 52842 |
| TOTALE MVM | M | 61,6 | 62,4 | 60,5 | 58,7 | 57,6 | 55,7 | 54,3 | 52,4 | 51,7 | 50,8 | 520029 |
| | V | 38,4 | 37,6 | 39,5 | 41,3 | 42,4 | 44,3 | 45,7 | 47,6 | 48,3 | 49,2 | 504377 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 1024406 |
| TOTALE MANNEKRAG | M | 70,1 | 70,8 | 69,6 | 68,0 | 67,3 | 66,3 | 65,6 | 64,3 | 63,7 | 62,2 | 1217410 |
| | V | 29,9 | 29,2 | 30,4 | 32,0 | 32,7 | 33,7 | 34,4 | 35,7 | 36,3 | 37,8 | 740997 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 1958407 |

TABEL 2.5(d)
GESLAGSVERDELING VOLGENS BEROEPSGROEP VAN DIE SWART MIDDELVLAK- EN TOTALE MANNEKRAG
IN 1965-1981 EN DIE GEPROJEKTEERDE VERDELING VIR 1987

| Beroepsgroep | Geslag | Basisperiode | | | | | | | | | Doelwitjaar: 1987 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | % | N |
| 1 Klerklike werkers | M | 97,1 | 95,7 | 95,5 | 93,2 | 92,7 | 91,0 | 89,4 | 82,7 | 83,9 | 81,3 | 124343 |
| | V | 2,9 | 4,3 | 4,5 | 6,8 | 7,3 | 9,0 | 10,6 | 17,3 | 16,1 | 18,7 | 28581 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 152924 |
| 2 Verkoopswerkers | M | 89,7 | 86,4 | 85,4 | 78,0 | 81,4 | 74,6 | 71,1 | 60,8 | 56,8 | 53,4 | 51023 |
| | V | 10,3 | 13,6 | 14,6 | 22,0 | 18,6 | 25,4 | 28,9 | 39,2 | 43,2 | 46,6 | 44475 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 95498 |
| 3 Ambagsmanne en vakleerlinge | M | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 100,0 | 99,2 | 97,8 | 99,6 | 98,4 | 29264 |
| | V | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,8 | 2,2 | 0,4 | 1,6 | 467 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 29731 |
| 4 Voormanne en toesighouers | M | 98,6 | 98,1 | 98,9 | 98,4 | 97,8 | 97,6 | 97,8 | 96,6 | 96,1 | 96,0 | 30287 |
| | V | 1,4 | 1,9 | 1,1 | 1,6 | 2,2 | 2,4 | 2,2 | 3,4 | 3,9 | 4,0 | 1250 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 31537 |
| TOTALE MVM | M | 94,4 | 92,3 | 92,2 | 88,8 | 89,6 | 87,9 | 86,5 | 78,4 | 78,7 | 75,9 | 234917 |
| | V | 5,6 | 7,7 | 7,8 | 11,2 | 10,4 | 12,1 | 13,5 | 21,6 | 21,3 | 24,1 | 74773 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 309690 |
| TOTALE MANNEKRAG | M | 94,1 | 93,0 | 92,7 | 91,0 | 90,0 | 89,3 | 88,7 | 86,9 | 86,6 | 85,4 | 3375895 |
| | V | 5,9 | 7,0 | 7,3 | 9,0 | 10,0 | 10,7 | 11,3 | 13,1 | 13,4 | 14,6 | 577373 |
| | TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 3953268 |

Sowel die bevolkingsgroepstruktuur as geslagstruktuur het oor die basisperiode 1965-1981 dramaties verander. As persentasie van die arbeidsmag (huisbediendes en plaaswerkers uitgesluit) het die aandeel van die Blankes van 32,5 % in 1965 tot 29 % in 1981 gedaal. Die omvang van die daling is egter nog duidelijker as daar na die bevolkingsgroepstruktuur binne MVM gekyk word. Die persentasie Blankes neem af van 82,2 % in 1965 tot 65,5 % in 1981. Met die uitsondering van ambagsmanne en vakleerlinge was die daling in die omgewing van 20 %. Gegewe die klein persentasie Kleurlinge, Asiërs en Swartes in die beroepsgroep vir 1965 is die persentasie styging egter noemenswaardig. In die meeste gevalle het die persentasie deelname meer as verdubbel oor die periode (tabel 2.4).

Nog opvallender as die veranderinge in die bevolkingsgroepstruktuur is die veranderinge in die geslagstruktuur (tabel 2.5(a) tot (d)). Vrouedeelname in MVM het werklik dramaties gestyg en dit geld vir al vier die bevolkingsgroepe. Waar 59 % van die Blanke klerklike werkers in 1965 vroue was, het die persentasie tot 75 % in 1981 toegeneem.

Alhoewel nog klein, neem die persentasie vroulike ambagsmanne en vakleerlinge toe, alhoewel 'n groot persentasie hiervan in die haarkappersbedryf aangetref word. Seker die mees dramatiese stygings by vroue word by Swart en Asiërvroue aangetref. In beide gevalle is die vermeerdering van 1965 tot 1981 sesvoudig.

'n Interessante uitsondering kom by die Kleurling en Blanke vroulike toesighouers voor waar die persentasie van 35 tot 25 en van 7 tot 5 respektiewelik gedaal het (tabel 2.5).

Verder het die persentasie Blanke vroulike verkoopswerkers redelik konstant gebly alhoewel die persentasie vir Blankes aansienlik gedaal het.

Die dalende persentasies vir Blankes impliseer nie dat die absolute getal Blankes vir MVM ook gedaal het nie. Tabel 2.6 toon dat die getal Blankes wat as MVM werk, toegeneem het oor die jare. Die ontledings toon dat veral die Swart man en vrou 'n baie belangrike rol in MVM begin speel, hoofsaaklik omdat hul beroepsdifferensiasie in die verlede veel beperkter was in vergelyking met dié van die getalsgewys veel kleiner bevolkingsgroepe, die Kleurlinge en Asiërs.

TABEL 2.6

MVM VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG VIR DIE JARE 1965-1981
EN DIE GEPROJEKTEERDE VRAAG IN 1987

| Groep | | Basisperiode | | | | | | | | | Doelwitjaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | 1987 |
| 1 Blanke Mans | N | 371584 | 386001 | 394051 | 461699 | 447029 | 450462 | 441507 | 424811 | 427880 | 520029 |
| | % | 50.6 | 50,3 | 48.3 | 45,2 | 42,2 | 40,0 | 36,3 | 35,0 | 33,9 | 31,3 |
| 2 Blanke Vroue | N | 231845 | 232983 | 257559 | 324700 | 328557 | 358410 | 370996 | 385440 | 398868 | 504377 |
| | % | 31,6 | 30,4 | 31.5 | 31,8 | 31.0 | 31,9 | 30,5 | 31,7 | 31,6 | 30,3 |
| 3 Kleurling Mans | N | 36662 | 43193 | 49222 | 59981 | 73113 | 78940 | 94010 | 88795 | 92070 | 129204 |
| | % | 5,0 | 5,6 | 6,0 | 5,9 | 6,9 | 7,0 | 7,7 | 7,3 | 7,3 | 7,8 |
| 4 Kleurling Vroue | N | 7332 | 9041 | 11342 | 16066 | 23225 | 32981 | 37943 | 45728 | 45336 | 77955 |
| | % | 1,0 | 1,2 | 1,4 | 1,6 | 2,2 | 2,9 | 3,1 | 3,8 | 3,6 | 4,7 |
| 5 Asiër Mans | N | 25518 | 26325 | 30098 | 50158 | 51420 | 54326 | 57535 | 60957 | 60420 | 83073 |
| | % | 3,5 | 3,4 | 3,7 | 4,9 | 4,9 | 4,8 | 4,7 | 5,0 | 4,8 | 5,0 |
| 6 Asiër Vroue | N | 1660 | 2436 | 3067 | 8047 | 8683 | 15016 | 16380 | 20561 | 23074 | 37872 |
| | % | ,2 | ,3 | ,4 | ,8 | ,8 | 1,3 | 1,3 | 1,7 | 1,8 | 2,3 |
| 7 Swart Mans | N | 56137 | 61892 | 65667 | 90172 | 114026 | 118356 | 170736 | 148205 | 168462 | 234917 |
| | % | 7,6 | 8,1 | 8,0 | 8,8 | 10,8 | 10,5 | 14,0 | 12,2 | 13,4 | 14,1 |
| 8 Swart Vroue | N | 3335 | 5160 | 5519 | 11337 | 13233 | 16259 | 26726 | 40898 | 45635 | 74773 |
| | % | ,5 | ,7 | ,7 | 1,1 | 1,2 | 1,4 | 2,2 | 3,4 | 3,6 | 4,5 |
| TOTAAL MANS | N | 489901 | 517411 | 539038 | 662010 | 685588 | 702084 | 763788 | 722768 | 748832 | 967223 |
| | % | 66,7 | 67,5 | 66,0 | 64,8 | 64,7 | 62,4 | 62,8 | 59,5 | 59,3 | 58,2 |
| TOTAAL VROUE | N | 244172 | 249620 | 277487 | 360150 | 373698 | 422666 | 452045 | 492627 | 512913 | 694977 |
| | % | 33,3 | 32,5 | 34,0 | 35,2 | 35,3 | 37,6 | 37,2 | 40,5 | 40,7 | 41,8 |
| TOTAAL | N | 734073 | 767031 | 816525 | 1022160 | 1059286 | 1124750 | 1215833 | 1215395 | 1261745 | 1662200 |

Tabelle 2.7(a) tot 2.7(d) gee 'n fynere verdeling van die bevolkingsgroep- en geslagstruktuur vir elk van die betrokke beroepsgroepe binne MVM.

### 2.4.1 Klerklike werkers

Die algemene tendense wat reeds uitgewys is, kom duidelik by die klerklike werkers voor. Die persentasie Blanke mans in die beroep het met meer as die helfte afgeneem van 1965 tot 1981 maar die persentasie Blanke vroue bly redelik konstant. Die grootste persentasie toename het by Asiërvroue en Swart mans en vroue plaasgevind. Hierdie veranderinge het belangrike implikasies vir daardie werkgewers wat 'n belangrike komponent van hul middelvlakbestuur deur indiensopleiding vanuit die klerklike kader trek. Die oorgrote persentasie van hierdie bestuurders was in die verlede uit Blanke manlike geledere getrek en hierdie poel is aan die krimp.

### 2.4.2 Verkoopswerkers

Die geslagstruktuurverandering by die verkoopswerkers is besonder opvallend. Waar 60,3 % van die verkoopswerkers in 1965 uit mans bestaan het, het hierdie persentasie afgeneem na 50,7 % in 1981. Dit is veral die Swart, Kleurling- en Asiërvroue wat vir hierdie toename verantwoordelik is.

### 2.4.3 Voormanne en toesighouers

Ook hier herhaal die algemene tendens van 'n dalende persentasie Blankes en toename vir die persentasie Asiërs, Kleurlinge en Swartes hom. Naas Blanke mans is Swart mans tans die belangrikste bron waaruit die besonder belangrike werkers in die produksieproses getrek word.

### 2.4.4 Ambagsmanne en vakleerlinge

Die bydrae van vroue bly beperk. Die neiging om ook al meer Asiërs, Kleurlinge en Swartes in die beroepsgroep op te neem, is baie duidelik waarneembaar.

TABEL 2.7(a)

GETAL- EN PERSENTASIEVERHOUDING VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG VOLGENS DIE MANNEKRAGOPNAMES VIR DIE JARE 1965-1981 EN DIE GEPROJEKTEERDE VRAAG IN 1987 VAN DIE KLERKLIKE WERKERS

| GROEP | Basisperiode | | | | | | | | | Doelwitjaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | 1987 |
| Blanke mans | 120083 | 115879 | 124088 | 132338 | 121994 | 127562 | 117919 | 113838 | 102285 | 112236 |
| | 34,2 | 32,7 | 31,4 | 27,1 | 24,7 | 22,8 | 19,7 | 18,6 | 16,1 | 14,0 |
| Blanke vroue | 171634 | 175292 | 194658 | 252191 | 251623 | 275976 | 288477 | 308261 | 313030 | 390639 |
| | 48,9 | 49,5 | 49,3 | 51,7 | 50,9 | 49,4 | 48,1 | 50,3 | 49,3 | 48,5 |
| Kleurling mans | 10755 | 11533 | 13873 | 16157 | 18440 | 20512 | 26156 | 25789 | 26216 | 33049 |
| | 3,1 | 3,3 | 3,5 | 3,3 | 3,7 | 3,7 | 4,4 | 4,2 | 4,1 | 4,1 |
| Kleurling vroue | 3666 | 4293 | 6474 | 8495 | 13843 | 18759 | 23018 | 26253 | 29607 | 45411 |
| | 1,1 | 1,2 | 1,6 | 1,7 | 2,8 | 3,4 | 3,8 | 4,3 | 4,7 | 5,6 |
| Asiër mans | 12129 | 12390 | 16847 | 25386 | 25613 | 31256 | 33231 | 33307 | 34151 | 45082 |
| | 3,5 | 3,5 | 4,3 | 5,2 | 5,2 | 5,6 | 5,5 | 5,4 | 5,4 | 5,6 |
| Asiër vroue | 864 | 1015 | 1510 | 3740 | 5059 | 9106 | 10125 | 13305 | 16485 | 25384 |
| | 0,3 | 0,3 | 0,4 | 0,8 | 1,0 | 1,6 | 1,7 | 2,2 | 2,6 | 3,1 |
| Swart mans | 30867 | 32220 | 35583 | 46288 | 53825 | 68298 | 89812 | 76574 | 94632 | 124343 |
| | 8,8 | 9,1 | 9,0 | 9,5 | 10,9 | 12,2 | 15,0 | 12,5 | 14,9 | 15,5 |
| Swart vroue | 915 | 1460 | 1696 | 3380 | 4238 | 6763 | 10600 | 15977 | 18122 | 28581 |
| | 0,3 | 0,4 | 0,4 | 0,7 | 0,8 | 1,2 | 1,8 | 2,6 | 2,9 | 3,6 |
| TOTAAL | 350833 | 354082 | 394829 | 487975 | 494635 | 558232 | 599338 | 613305 | 634528 | 804725 |

TABEL 2.7(b)

GETAL- EN PERSENTASIEVERHOUDING VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG VOLGENS DIE MANNEKRAGOPNAMES VIR DIE JARE 1965-1981 EN DIE GEPROJEKTEERDE VRAAG IN 1987 VAN DIE VERKOOPSWERKERS

| GROEP | Basisperiode | | | | | | | | | Doelwitjaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | 1987 |
| Blanke mans | 55905<br>37,0 | 55391<br>35,1 | 53695<br>35,0 | 76510<br>36,5 | 70570<br>31,3 | 70414<br>31,9 | 74257<br>30,2 | 71270<br>28,6 | 70512<br>28,6 | 96931<br>26,5 |
| Blanke vroue | 53933<br>35.7 | 50671<br>33,0 | 55086<br>35,9 | 64203<br>30,6 | 70039<br>31,1 | 73727<br>33,4 | 72722<br>29,5 | 68289<br>27,4 | 76332<br>31,0 | 101789<br>27,9 |
| Kleurling mans | 4396<br>2.9 | 5639<br>3,7 | 4847<br>3.2 | 6397<br>3,1 | 9159<br>4,1 | 9947<br>4,5 | 13335<br>5,4 | 10764<br>4,3 | 8209<br>3,3 | 15630<br>4,3 |
| Kleurling vroue | 2903<br>1,9 | 3790<br>2,5 | 3729<br>2,4 | 6361<br>3,0 | 7696<br>3,4 | 11779<br>5,3 | 12159<br>4,9 | 15650<br>6,3 | 12359<br>5,0 | 25397<br>7,0 |
| Asiër mans | 10241<br>6,8 | 9830<br>6,4 | 8803<br>5,7 | 16611<br>7,9 | 17350<br>7,7 | 12802<br>5,8 | 14518<br>5,9 | 15179<br>6,1 | 11338<br>4,6 | 18221<br>5,0 |
| Asiër vroue | 747<br>0,4 | 1400<br>0,9 | 1532<br>1,0 | 4216<br>2,0 | 3448<br>1,5 | 5634<br>2,6 | 5792<br>2,3 | 6864<br>2,8 | 6058<br>2,4 | 11588<br>3,2 |
| Swart mans | 20601<br>13,6 | 22999<br>15,0 | 21894<br>14,3 | 27759<br>13,2 | 38448<br>17,1 | 27079<br>12,3 | 38030<br>15,4 | 37100<br>14,9 | 34904<br>14,2 | 51023<br>14,0 |
| Swart vroue | 2364<br>1,6 | 3623<br>2,4 | 3750<br>2,5 | 7830<br>3,7 | 8792<br>3,9 | 9212<br>4,2 | 15493<br>6,3 | 23901<br>9,6 | 26565<br>10,8 | 44475<br>12,2 |
| TOTAAL | 151090 | 153343 | 153336 | 209887 | 225502 | 220594 | 246306 | 249017 | 246277 | 365054 |

TABEL 2.7(c)

GETAL- EN PERSENTASIEVERHOUDING VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG VOLGENS DIE MANNEKRAGOPNAMES VIR DIE JARE 1965-1981 EN DIE GEPROJEKTEERDE VRAAG IN 1987 VAN DIE VOORMANNE EN TOESIGHOUERS

| GROEP | Basisperiode | | | | | | | | | Doelwitjaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | 1987 |
| Blanke mans | 20569<br>71,4 | 24222<br>72,2 | 25945<br>66,5 | 32642<br>68,0 | 33234<br>65,6 | 42067<br>65,5 | 41624<br>56,2 | 40481<br>53,9 | 46161<br>54,3 | 50514<br>50,0 |
| Blanke vroue | 1547<br>5,4 | 1550<br>4,6 | 2047<br>5,2 | 1673<br>3,5 | 1693<br>3,3 | 2255<br>3,5 | 2128<br>2,9 | 2183<br>2,9 | 2214<br>2,6 | 2328<br>2,3 |
| Kleurling mans | 1299<br>4,5 | 1901<br>5,7 | 2088<br>5,4 | 2754<br>5,7 | 3073<br>6,1 | 3278<br>5,1 | 5228<br>7,1 | 6429<br>8,6 | 7863<br>9,2 | 9671<br>9,6 |
| Kleurling vroue | 708<br>2,5 | 912<br>2,7 | 1067<br>2,7 | 1124<br>2,3 | 1264<br>2,5 | 1742<br>2,7 | 1926<br>2,6 | 2097<br>2,8 | 2628<br>3,1 | 2921<br>2,9 |
| Asiër mans | 800<br>2,8 | 805<br>2,4 | 1259<br>3,2 | 1953<br>4,1 | 2053<br>4,1 | 2921<br>4,6 | 2181<br>2,9 | 2435<br>3,2 | 3447<br>4,1 | 3663<br>3,6 |
| Asiër vroue | 4<br>0,0 | 3<br>0,0 | 11<br>0,0 | 72<br>0,2 | 77<br>0,2 | 168<br>0,3 | 254<br>0,3 | 190<br>0,3 | 236<br>0,3 | 412<br>0,4 |
| Swart mans | 3842<br>13,3 | 4082<br>12,2 | 6545<br>16,8 | 7651<br>15,9 | 9099<br>18,0 | 11491<br>17,9 | 20271<br>27,4 | 20518<br>27,3 | 21649<br>25,5 | 30287<br>30,0 |
| Swart vroue | 56<br>0,2 | 77<br>0,2 | 73<br>0,2 | 127<br>0,3 | 203<br>0,4 | 280<br>0,4 | 455<br>0,6 | 712<br>1,0 | 872<br>1,0 | 1250<br>1,2 |
| TOTAAL | 28825 | 33552 | 39035 | 47996 | 50696 | 64202 | 74067 | 75045 | 85070 | 101046 |

TABEL 2.7(d)

GETAL- EN PERSENTASIEVERHOUDING VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG VOLGENS DIE MANNEKRAGOPNAMES
VIR DIE JARE 1965-1981 EN DIE GEPROJEKTEERDE VRAAG IN 1987
VAN DIE AMBAGSMANNE EN VAKLEERLINGE

| GROEP | Basisperiode | | | | | | | | | Doelwitjaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | 1987 |
| Blanke mans | 175027 | 190509 | 190323 | 220209 | 221231 | 210419 | 207707 | 199221 | 208922 | 260348 |
| | 86,1 | 84,3 | 83,0 | 79,7 | 76,7 | 74,7 | 70,1 | 71,7 | 70,6 | 66,9 |
| Blanke vroue | 4731 | 5470 | 5768 | 6633 | 5202 | 6452 | 7669 | 6707 | 7292 | 9621 |
| | 2,3 | 2,4 | 2,5 | 2,4 | 1,8 | 2,3 | 2,6 | 2,4 | 2,5 | 2,5 |
| Kleurling mans | 20212 | 24120 | 28414 | 34673 | 42441 | 45203 | 49291 | 45813 | 49782 | 70854 |
| | 10,0 | 10,7 | 12,4 | 12,6 | 14,7 | 16,1 | 16,7 | 16,5 | 16,8 | 18,2 |
| Kleurling vroue | 55 | 46 | 72 | 86 | 422 | 701 | 840 | 1728 | 742 | 2226 |
| | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,2 | 0,3 | 0,3 | 0,6 | 0,3 | 0,6 |
| Asiër mans | 2348 | 3300 | 3089 | 6208 | 6404 | 7347 | 7605 | 10036 | 11484 | 16107 |
| | 1,2 | 1,5 | 1,4 | 2,3 | 2,2 | 2,6 | 2,6 | 3,6 | 3,9 | 4,1 |
| Asiër vroue | 45 | 18 | 14 | 19 | 99 | 108 | 209 | 202 | 295 | 488 |
| | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 0,1 |
| Swart mans | 807 | 2591 | 1645 | 8474 | 12654 | 11488 | 22623 | 14013 | 17277 | 29264 |
| | 0,4 | 1,2 | 0,7 | 3,1 | 4,4 | 4,1 | 7,6 | 5,0 | 5,8 | 7,5 |
| Swart vroue | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 178 | 308 | 76 | 467 |
| | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,1 | 0,1 | 0,0 | 0,1 |
| TOTAAL | 203225 | 226054 | 229325 | 276302 | 288453 | 281722 | 296122 | 278028 | 295870 | 389375 |

Ambagsmanne en vakleerlinge word in 'n aantal breë rigtings aangetref. Vir die doeleindes van hierdie verslag word die ambagsrigtings as volg geklassifiseer:

Metaal- en ingenieursambagte
Elektrotegniese ambagte
Motorambagte
Bou-ambagte
Ander (juweliers-, meubelambagte en haarkappers).

Tabel 2.8 gee die verdeling volgens ekonomiese sektor en toon dat elke sektor sy eiesoortige konstellasie van ambagsrigtings het. Die sektor met seker die eweredigste verspreiding van rigtings is die owerheidsdienste. Die sektore wat die swaarste rus op ambagsrigtings wat nog hoofsaaklik deur Blankes gevolg word, die metaal- en ingenieurs- en elektroniese ambagte, is mynwese, fabriekswese en elektrisiteit, gas en water.

In tabel 2.9 word die rigtingstruktuur volgens bevolkingsgroep aangetoon. Dit is uit die ontledings duidelik dat werkgewers nie noodwendig slegs persone wat oor ambagsmanstatus beskik as ambagsmanne klassifiseer nie.

Deurgaans kry ons die patroon dat die persentasie Blankes in die rigtings besig is om af te neem. Die neiging is veral by die bou-ambagte baie sterk. Swart werkers begin ook veral sedert 1973 in alle ambagsrigtings aangetref word.

## 3 VAKATURES VIR MVM

Die Mannekragopnames verskaf ook inligting oor die vakatures vir MVM. Die omvang van die vakatures verskaf 'n aanduiding van verskil tussen aanbod en vraag. Die opnames word egter op 'n sekere datum opgeneem en 'n sekere persentasie van die vakatures kan as "normaal" beskou word in die sin dat die poste van persone wat bedank, uit diens getree of oorlede is nog nie in die stadium gevul is nie. Hierdie onbekende persentasie, grootliks te wyte aan werkers in "transito", kan nie werklik as weerspieëling van 'n tekort gestel word nie. Sommige skrywers stel dit so hoog as 3 % van die arbeidsmag, met ander woorde hulle sien 'n indiensneming van 97 % as volle indiensneming.

TABEL 2.8

VERDELING VAN DIE AMBAGSMANNE VOLGENS AMBAGSRIGTING IN 1965-1981
EN DIE GEPROJEKTEERDE VERDELING IN 1987

| Ambagsrigting | Basisperiode | | | | | | | | | Doelwitjaar:1987 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1965 | 1967 | 1969 | 1971 | 1973 | 1975 | 1977 | 1979 | 1981 | % | N |
| 1 MYNWESE | | | | | | | | | | | |
| 1 Metaal en ingenieurs | 60,6 | 60,9 | 60,8 | 61,1 | 60,1 | 59,9 | 59,2 | 59,5 | 60,2 | 59,7 | 15297 |
| 2 Elektrotegnies | 22,9 | 23,1 | 23,8 | 23,3 | 22,7 | 23,2 | 24,5 | 25,1 | 23,9 | 24,4 | 6252 |
| 3 Motor | 3,0 | 4,4 | 4,2 | 4,9 | 4,5 | 6,4 | 5,7 | 6,4 | 7,2 | 6,5 | 1665 |
| 4 Bou | 13,5 | 11,5 | 11,0 | 10,6 | 12,6 | 10,3 | 10,5 | 9,0 | 8,7 | 9,3 | 2383 |
| 5 Ander | 0,0 | 0,1 | 0,2 | 0,2 | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 0,0 | 0,1 | 0,1 | 26 |
| TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 10.0 | 100 | 100 | 100 | 25623 |
| 2 FABRIEKSWESE | | | | | | | | | | | |
| 1 Metaal en ingenieurs | 55,6 | 57,1 | 57,2 | 57,7 | 57,6 | 56,4 | 57,1 | 59,5 | 59,7 | 58,8 | 68142 |
| 2 Elektrotegnies | 7,0 | 6,5 | 7,6 | 7,5 | 9,3 | 8,2 | 11,0 | 9,4 | 13,3 | 11,1 | 12864 |
| 3 Motor | 6,5 | 7,1 | 7,2 | 5,9 | 5,9 | 7,1 | 4,6 | 5,0 | 5,0 | 5,0 | 5794 |
| 4 Bou | 5,7 | 6,5 | 4,7 | 5,1 | 5,2 | 6,3 | 5,7 | 4,8 | 3,8 | 4,7 | 5447 |
| 5 Ander | 25,1 | 22,9 | 23,3 | 23,7 | 22,0 | 22,0 | 21,6 | 21,4 | 18,2 | 20,4 | 23641 |
| TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 115888 |
| 3 ELEKTRISITEIT,GAS EN WATER | | | | | | | | | | | |
| 1 Metaal en ingenieurs | 32,9 | 31,7 | 34,6 | 31,8 | 28,9 | 24,4 | 14,4 | 18,1 | 38,8 | 24,6 | 2190 |
| 2 Elektrotegnies | 53,1 | 51,4 | 51,1 | 51,8 | 38,7 | 52,9 | 63,0 | 64,4 | 43,4 | 56,1 | 4993 |
| 3 Motor | 2,7 | 2,3 | 3,2 | 3,2 | 5,9 | 7,0 | 3,9 | 2,3 | 5,3 | 4,0 | 356 |
| 4 Bou | 11,1 | 14,5 | 11,1 | 12,4 | 26,4 | 15,7 | 18,6 | 15,2 | 12,5 | 15,1 | 1344 |
| 5 Ander | 0,2 | 0,0 | 0,0 | 0,7 | 0,2 | 0,0 | 0,1 | 0,0 | 0,5 | 0,2 | 18 |
| TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 8901 |
| 4 BOU EN KONSTRUKSIE | | | | | | | | | | | |
| 1 Metaal en ingenieurs | 5,4 | 6,1 | 7,6 | 7,8 | 6,8 | 11,9 | 9,0 | 10,3 | 11,5 | 10,5 | 11571 |
| 2 Elektrotegnies | 1,9 | 3,1 | 3,3 | 3,5 | 3,2 | 3,4 | 4,7 | 5,3 | 4,5 | 4,8 | 5289 |
| 3 Motor | 1,5 | 1,5 | 2,2 | 1,3 | 1,4 | 1,5 | 2,4 | 4,1 | 2,6 | 3,0 | 3306 |
| 4 Bou | 90,0 | 88,7 | 86,7 | 87,3 | 88,5 | 82,9 | 82,8 | 80,0 | 80,9 | 81,2 | 89480 |
| 5 Ander | 1,1 | 0,6 | 0,1 | 0,0 | 0,1 | 0,3 | 1,1 | 0,3 | 0,6 | 0,6 | 661 |
| TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 110307 |
| 5 HANDEL | | | | | | | | | | | |
| 1 Metaal en ingenieurs | 11,3 | 8,3 | 11,6 | 8,7 | 9,1 | 16,7 | 10,1 | 10,1 | 7,0 | 9,3 | 4668 |
| 2 Elektrotegnies | 8,4 | 4,5 | 3,3 | 2,8 | 2,0 | 4,6 | 2,9 | 2,5 | 3,5 | 3,0 | 1506 |
| 3 Motor | 53,4 | 52,9 | 61,5 | 52,3 | 52,0 | 55,0 | 65,0 | 67,3 | 70,9 | 67,4 | 33833 |
| 4 Bou | 4,1 | 6,2 | 1,8 | 2,2 | 2,0 | 2,5 | 2,4 | 2,5 | 3,7 | 2,9 | 1456 |
| 5 Ander | 22,8 | 28,1 | 21,8 | 34,0 | 34,9 | 21,2 | 19,6 | 17,6 | 14,9 | 17,3 | 8684 |
| TOTAAL | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 50147 |
| 6 VERVOER,OPBERGING EN KOMMUNIKASIE | | | | | | | | | | | |
| 1 Metaal en ingenieurs | 49,4 | 59,7 | 54,4 | 53,5 | 54,0 | 39,6 | 35,7 | 39,3 | 37,7 | 37,9 | 11282 |
| 2 Elektrotegnies | 28,4 | 16,0 | 18,4 | 16,9 | 16,7 | 21,3 | 24,8 | 23,0 | 14,4 | 20,4 | 6073 |
| 3 Motor | 8,1 | 10,0 | 13,4 | 16,2 | 15,6 | 20,9 | 22,2 | 20,5 | 27,6 | 23,4 | 6966 |
| 4 Bou | 14,1 | 14,2 | 13,5 | 13,1 | 13,2 | 17,4 | 15,9 | 16,0 | 19,9 | 17,4 | 5180 |
| 5 Ander | 0,0 | 0,1 | 0,2 | 0,3 | 0,5 | 0,8 | 1,4 | 1,2 | 0,4 | 0,9 | 268 |
